

Les 12

Johannes 6: 1 - 15

1. Inleiding

Vandag val ons fokus op 'n bekende teksgedeelte. Hierdie wonder van Christus is soos die ander wonders, 'n preek op sy eie. Duidelik is daar weer iets geestelik wat Christus aan die mense wil meedeel met die beeld van 'n fisiese voorwerp en behoefte. Net soos in die geval met die wyn op die bruilof en die water by vrou by die put. Maar weereens is die mens te gefokus op sy aardse behoefte om meer te sien.

2. Toe stel Jesus hom op die proef

Die griekse woorde woorde vir die manier waarop Jesus vir Filippus die vraag vrae in vers 6 het 'n negatiewe konnektasie. Versoek Christus dan nou hier vir Filippus om juis te sondig. Daar word gereken dat hierdie een van die maniere is waarop ons betekenis in Bybelse Grieks in forseer. Die klassieke debat van Koine Grieks tenoor Klassieke Grieks. Want as hierdie woorde wel hierdie negatiewe betekenis dra, dan is dit in teen stelling met dit wat ons leer in Jakobus 1:13.

3. Garsbrode, 5000 man en 'n dankgebed

Daar word spesifiek verwys na garsbrode. Grasbrode was die kos van arm mense. Dit was die goedkoopste brood wat meestal deur arm mense geëet is. Dan ook die wiskunde 5 brode tenoor 5000 mans. Tog was daar waarskynlik heelwat meer mense, want die 5000 nommer is net die mans. Dit is moeilik om met sekerheid te sê hoeveel vroue en kinders, hierdie geleentheid sou bygewoon het. Laastens doen Jesus 'n dankgebed voor Hy die kos uitdeel. Hier in die Johannes evangelie tref ons die Griekse woord eucharisteō aan. Want natuurlik weer aangetref word wanneer Jesus ook die nagmaal instel.

4. Twaalf mandjies en die profeet

'n Mens wonder waarom die fyn besonderhede rondom die twaalf mandjies. Was dit bloot die gedetailleerde waarneming van 'n ooggetuie. Of is daar tog 'n verbintenis aan die twaalf stamme van Israel in die Ou Testament, of die twaalf apostels van die Nuwe Testament. By dit alles het die substans van hierdie brood steeds nie verander nie. Laastens het ons die Messianse verwysing na die Messias uit Deut 18 wat duidelik deur die mense hier raakgesien word. Tog verstaan die mense Christus se roeping en missie steeds verkeerd.

5. Jesus vlug die berg in

In lyn met die volk se verkeerde verstaan van Christus se roeping en missie, wil hulle hom koning maak. Die verband met die bose versoeking van die Satan aan Christus in die woestyn in Matteus 4:3 kan nie misgekyk word nie. Hierdie volk stel belang in fisiese materiële brood, niks meer nie. Selfs al is dit hierdie eenvoudige garsbrood. Want as jy natuurlik 'n gratis bron van enige materiële middel hier op aarde het, gee dit vir jou 'n onregverdigde ekonomiese voordeel. Is dit dalk wat hierdie mense ook in gedagte gehad het? Christus gaan nie hiervoor staan nie. En Hy vlug op die berg in alleen, terwyl Sy dissipels die see oorvaar na Kapernaüm. So word die omstadighede vir die volgende wonderwerk geskep.

6. Teksverwysing

- a) Deuteronomium 18: 15 -22
- b) Matteus 4:3
- c) 1 Korintiërs 10: 23 - 24
- d) Jakobus 1: 13 - 15

e) Openbaring 4: 9 - 11

7. Vrae

a) Waarom moet ons as gelowiges soms onmoontlike opdragte soos Filippus in die gesig staar?

b) Waarom dink u verander die substans van die garsbrood nie in iets beter soos met die kwaliteit van die wyn by die bruilof te Kana (Vgl Joh 2:10)?

c) Beïnvloed die dankgebed wat Christus Sy vermoë om hierdie wonder te doen of waarom doen Hy bid Hy dan?

d) Is daar 'n verband tussen die Nagmaal en dit wat ons teksgedeelte vandag gebeur. verduidelik?

e) Watter voordeel sou u sien in hierdie vermoë van Christus om hierdie wonder te laat geskied?

8. Bron

1. Utley, R. J. (1999). The Beloved Disciple's Memoirs and Letters: The Gospel of John, I, II, and III John (Volume 4). Marshall, Texas: Bible Lessons International.